KLK Landbou Beperk
Reg.nr. 1997/015589/06

Winsaankondiging van die Groep vir die Jaar geëindig 28 Februarie 2018

Die **verdienste** van R46.3 miljoen verteenwoordig 'n 7.6%-daling vergeleke met die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel het vanaf 290 sent per aandeel tot 268 sent per aandeel verminder.

Die bevredigende resultate, alhoewel laer as die vorige jaar, word hoofsaaklik toegeskryf aan die styging in winsbydraes van die Brandstofafdeling, Abattoirs en Motorafdeling, terwyl die Handelsafdeling en SA Dorper dieselfde presteer het as die vorige jaar.

Carpe Diem Raisins het swakker as die vorige jaar presteer as gevolg van die sterker wisselkoers en laer internasionale pryse wat marges onder druk geplaas het.

Finansiële Hooftrekke		**2018**	**2017**	**%**	
Omset	(R'm)	**2 165.2**	2 187.3	**1.0**	↓
Wins voor belasting	(R'm)	**83.9**	99.6	**15.8**	↓
Bedryfswinsmarge	(%)	**3.9**	4.6	**15.2**	↓
Verdienste	(R'm)	**46.3**	50.1	**7.6**	↓
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	**269.5**	291.3	**7.5**	↓
Wesensverdienste per aandeel	(sente)	**268.3**	290.4	**7.6**	↓
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	**38.2**	6.1	**526.2**	↑
Dividend per aandeel	(sente)	**68**	65	**4.6**	↑
Netto batewaarde per aandeel	(sente)	**1 958.1**	1 752.5	**11.7**	↑

Die **Groepsomset** het met 1.0% gedaal tot R2 165.2 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die daling in bees- en skaapgetalle in die Vleisafdeling, laer brandstofliters van die Brandstofafdeling asook 'n sterker wisselkoers en laer internasionale pryse in die Verwerkingsafdeling.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite was positief met R98.1 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R26.0 miljoen afgeneem het en belasting van R20.1 miljoen betaal is.

Aanleg en toerusting van R48.6 miljoen is aangekoop.

Die netto resultaat van bogenoemde was dat die kontantposisie van die Groep met R38.2 miljoen verbeter het.

Die Direksie verwag dat nieteenstaande uitdagende landbou- en handelstoestande gedurende die komende jaar, die resultate nie swakker sal wees as die afgelope finansiële jaar nie.

Die voortdurende fokus op koste- en margebestuur asook die verskerpte risikobestuur sal soos gedurende die afgelope finansiële jaar, weer eens belangrik wees om aanvaarbare resultate te lewer.

Die Direksie beveel aan dat 'n dividend van 68 sent (2017: 65 sent) per gewone aandeel, voor inagneming van dividendbelasting van 20% waar van toepassing, betaal word aan aandeelhouers geregistreer in die boeke van die Maatskappy op 27 Julie 2018 en is betaalbaar op 31 Augustus 2018.

'n Opsomming van die geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 is hierby aangeheg en ook op KLK se webtuiste onder "Finansiële resultate" beskikbaar.

Die finansiële jaarstate sal gedurende die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers wat gehou sal word by KLK se Hoofkantoor op Dinsdag 24 Julie 2018, vir goedkeuring voorgelê word.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-voorsitter), dr BP Botha (Alt. BP Botha), WSB du Toit, JAA Engelbrecht, AR Kotzé, GC Olivier, A Human (Finansiële Direkteur), SD van Huyssteen (Besturende Direkteur).

Maatskappysekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

Datum: 10 Mei 2018

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Finansiële Posisie

	2018 R'm	2017 R'm
Bates		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	210.1	176.8
Beleggingseiendom	3.5	3.5
Klandisiewaarde	28.7	25.8
Uitgestelde belasting	11.9	9.8
	254.2	**215.9**
Bedryfsbates		
Voorraad	192.3	173.6
Handels- en ander debiteure	127.2	140.9
Kontant en kontantekwivalente	78.8	37.1
	398.3	**351.6**
Totale bates	**652.5**	**567.5**
Ekwiteit en aanspreeklikhede		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal	17.2	17.2
Verdeelbare reserwes	319.2	283.9
	336.4	**301.1**
Buiteaandeelhouersbelang	93.5	77.3
	429.9	**378.4**
Nie-bedryfslaste		
Uitgestelde belasting	14.0	12.0
Langtermynlenings	14.3	19.5
Uitgestelde staatsubsidie	7.6	5.4
	35.9	**36.9**
Bedryfslaste		
Bankoortrekkings	16.7	13.2
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	5.2	4.7
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	1.4	0.5
Handels- en ander krediteure	162.1	131.0
Buiteaandeelhouerslening	1.3	2.8
	186.7	**152.2**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**652.5**	**567.5**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Omvattende Inkomste

	2018 R'm	2017 R'm
Verkope	2 165.2	2 187.3
Koste van verkope	(1 784.4)	(1 782.0)
Bruto wins	**380.8**	**405.3**
Ander inkomste	18.0	15.0
Uitgawes	(313.5)	(319.2)
Bedryfswins	**85.3**	**101.1**
Beleggingsinkomste	6.2	5.1
Finansieringskoste	(7.6)	(6.6)
Wins voor belasting	**83.9**	**99.6**
Inkomstebelasting	(22.8)	(27.4)
Wins na belasting	**61.1**	**72.2**
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste	**61.1**	**72.2**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Eienaars van die houermaatskappy	46.3	50.1
Buiteaandeelhouersbelang	14.8	22.1
	61.1	**72.2**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Verandering in eienaarskap R'm	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buite aandeel-houers-belang	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2016	**2.4**	**17.2**	**244.5**	**264.1**	**54.0**	**318.1**
Verkryging van addisionele belang	(2.8)	-	-	(2.8)	(0.5)	(3.3)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	50.1	50.1	22.1	72.2
Uitreiking van aandele	-	-	-	-	1.7	1.7
Dividende	-	-	(10.3)	(10.3)	-	(10.3)
Saldo op 1 Maart 2017	**(0.4)**	**17.2**	**284.3**	**301.1**	**77.3**	**378.4**
Aandele teruggekoop	0.1	-	-	0.1	(0.2)	(0.1)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	46.3	46.3	14.8	61.1
Uitreiking van aandele	-	-	-	-	1.6	1.6
Dividende	-	-	(11.1)	(11.1)	-	(11.1)
Saldo op 28 Februarie 2018	**(0.3)**	**17.2**	**319.5**	**336.4**	**93.5**	**429.9**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

Staat van Kontantvloei

	2018 R'm	2017 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer deur bedrywighede	119.6	77.6
Beleggingsinkomste	6.2	5.2
Finansieringskoste	(7.6)	(6.6)
Belasting betaal	(20.1)	(28.1)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**98.1**	**48.1**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(48.6)	(28.4)
Verkryging van klandisiewaarde	(3.3)	(3.3)
Verkryging en verhoging van belang in filiale	(1.7)	(4.9)
Klandisiewaarde gerealiseer	0.4	-
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	1.3	1.5
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(51.9)**	**(35.1)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Aandele teruggekoop	(0.1)	-
Aandele uitreiking	3.3	3.3
Staatsubsidie ontvang	4.7	-
Verkryging/(terugbetaling) van langtermynlenings	(4.7)	0.1
Dividende betaal	(11.2)	(10.3)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(8.0)**	**(6.9)**
Totale toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**38.2**	**6.1**
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die begin van jaar	23.9	17.8
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die einde van jaar	**62.1**	**23.9**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018

Wesensverdienste

	2018 R'm	2017 R'm
Toeskryfbare wins	46.3	50.1
(Wins)/Verlies met verkoop van bates	(0.2)	(0.2)
Wesensverdienste vir die tydperk	**46.1**	**49.9**

Finansiële Hoogtepunte en Statistiek

		2018	2017
Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 181	17 181
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 181	17 181
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	269.5	291.3
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	268.3	290.4
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	1 958.1	1 752.5